Together we stand, better nation we build
Saamstaan ons, beter nasie bou ons

LONGACRES
GIVE, GROEI, PERSISTO

# Blitz Nuus

**25 Mei 2023** **Nuusbrief 19**




## Blitz Pen

Hierdie jaar se Wes-Boland Eisteddfod het begin en ons hoop die leerders het die begin van die kultuurprogram geniet. Ons is jammer as daar enige probleme ondervind is, ons werk hard daaraan om dit reg te maak.

Die laerskool se eksamen begin Maandag die 29ste so die hele skool se tye sal vir die res van die kwartaal aangepas word om sodoende die leerders die beste geleentheid te gee om vir die halfjaar eksamen voor te berei. Die skoolure sal aangepas word en sal daagliks om 13:00 verdaag en daar sal 'n wagklas beskikbaar wees tot 14:00, vir die leerders wat nie voor die tyd opgelaai kan word nie.

Die leerders sal voorberei vir die volgende dag se eksamen gedurende die wagklas.

Saterdag, 27 Mei sal die einde van die kwartaal se sport wees, sodat die leerders vir die res van die kwartaal op hulle akademie kan fokus. Al die sportoefeninge eindig die week.

**Maak asseblief seker dat die twee skooluniforms nie gemeng word nie!**

*Dankie vir al die gebede. Geo is al baie beter, maar hou asseblief aan om hom en sy familie in julle gebede te hou.*

## Klerebank

Die klerebank sal op Dinsdae vanaf **13:00 – 15:00** oop wees.

## LA ORKES

**Woensdag, 24 Mei was die laaste orkesoefening vir die kwartaal.**



## INGANG NA DIE SKOOL

Al die ouers moet asseblief regs draai wanneer u inry by die skoolhek. Die parkeerarea aan die linkerkant is slegs vir die personeel. Dit veroorsaak onnodige verkeersprobleme wanneer die ouers links draai.






## LOOTJIES

Verskeie ouers het gevra of die vervaldatum van die lootjies verleng kan word, omdat Mei 'n baie besige maand was. Nadat daar met die verskeie belanghebbendes vergader is het ons besluit om die vervaldatum na die 21$^{ste}$ Julie te verskuif. Dit is 'n fondsinsameling vir ons matriekafskeid. Die eerste prys is 'n PS 5. Kom ons kyk wie die gelukkiges is. Daar sal weer gelukkige trekkings wees vir die leerders wat hulle vorms voltooi het. Elke vorm wat vol is sal deel van die trekking wees. Baie sterkte aan almal!




## Ouers! Ons het u hulp nodig!

**Aandag**

**Kursusdatum:** 20 Julie 2023

**Kursusfooi:** Gratis

### Lesers en Skrywers!

Ons het tans 'n tekort aan gekwalifiseerde lesers en skrywers in die Weskus. Ons sukkel om vir ons leerders die nodige hulp te kry wat hulle kort en verdien.

**Wat doen 'n leser en skrywer?**

Dit is iemand wat hulp aan 'n leerder verleen gedurende assesserings. Party leerders het iemand nodig om vir hulle die tekste /vrae te lees. Ander leerders het iemand nodig wat vir hulle skryf.

**Watter kwalifikasie het u nodig?**

U moet kan goed lees en netjies skryf. Geduld is ook baie belangrik. Die Departement van Onderwys bied 'n gratis kursus aan wat voltooi moet word om sodoende die nodige sertifikaat te verkry wat u instaat stel om hierdie leerders te akkommodeer.

Ons vra alle ouers/voogde wat belangstel, of enige verdere vrae het, om vir Mev. Ilze Cloete te epos by icloete@lapshigh.com.


Ons het Afrikaans- en Engelssprekende lesers en skrywers nodig.

**Help ons asseblief, om ons leerders te help!**

# SPORT KWARTAAL 2

Die sport vir kwartaal 2 sal die week eindig, omdat ons vir die komende eksamen voorberei. Sportoefeninge sal weer in die week van die 18de Julie begin.

# Wiskunde!




# Sosiale Komitee

**Dit is "funky hair & socks day" Vrydag die 26ste Mei! Betaal by jou registeronderwyser.**

**Daar is pryse te wen!**



# JUNIE EKSAMEN

| | Rooster gedurende die eksamen. |
|---|---|
| | Skool begin: Register |
| **8:00** | **Sessie 1**<br><br>Leerders leer |
| **10:00 –10:20** | 1ste POUSE |
| **10:40 – 12:40** | Sessie 2<br><br>Skryf |
| **13:00** | Skool eindig |

## Exam Timetable June 2023

| Date | Day | Grade | Subject | Sessions |
|---|---|---|---|---|
| 29 May | Monday | 4, 6<br>5<br>7 | **Afr. Add. Taal:** Opstel<br>**Eng Home Language:** Essay<br>**Mathematics** (Paper 1) | 1<br>1<br>1 |
| 30 May | Tuesday | 4, 5, 6<br>7 | **Mathematics**<br>**Afr. Add. Taal:** Taal & Begrip | 1<br>1 |
| 31May | Wednesday | 4<br>5<br>6<br>7 | **Eng HL:** Language and Comprehension<br>**Afr. Add. Taal:** Opstel<br>**Open day**<br>**SS:** History | 1<br>1<br><br>1 |
| 1 Jun | Thursday | 4<br>5, 6<br>7 | **NST**<br>**NST**<br>**Eng HL:** Language and Comprehension | 1<br>1<br>1 |
| 2 Jun | Friday | 4,5<br>6<br>7 | **Open day**<br>**Afr. Add. Taal:** Taal & Begrip<br>**EMS** | <br>1<br>1 |
| 5 Jun | Monday | 7<br>4, 5, 6 | **NS**<br>**SS:** History | 1<br>1 |
| 6 Jun | Tuesday | 4<br>5<br>6<br>7 | **Afr. Add. Taal:** Taal & Begrip<br>**Eng HL:** Language and Comprehension<br>**Mathematics** (Paper 2)<br>**Mathematics** (Paper 2) | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7 Jun | Wednesday | 4<br>5,6,7 | **Eng Home Language:** Essay<br>**SS:** Geography | 1<br>1 |
| 8 Jun | Thursday | 4<br>5<br>6<br>7 | **PSW**<br>**Afr. Add. Taal:** Taal & Begrip<br>**Eng Home Language:** Essay<br>**Afr Add: Opstel** | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 9 Jun | Friday | 4,5<br>6<br>7 | **Open day**<br>**PSW**<br>**Technology** | <br>1<br>1 |
| 12 Jun | Monday | 4<br>5<br>6<br>7 | **SS:** Geography<br>**PSW**<br>**Eng HL:** Language and Comprehension<br>**Eng HL: Essay** | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 13 Jun | Tuesday | 7<br>4,5,6 | **Creative Arts:** Art (Theory)<br>**Open day** | 1 |
| 14 Ju[illegible] | | | | 1 |

**JUNE EXAMINATIONS / JUNIE EKSAMENS 2023**

| | Grade 8 | Grade 9 | Grade 10 | Grade 11 | Grade 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Thurs, 01 June | AFR TAAK 4 | AFR TAAK 4 | LO<br>LO | AFR FAT (V2)<br>AFR HT (V2) | ENG HL (P1)<br>ENG FAL (P1) |
| Fri, 02 June | DRAMA<br>DRAMA | DRAMA<br>DRAMA | BS / CAT / DESIGN / PS (P1)<br>BS / RTT / ONTWERP / FW (V1) | MATH (P1)<br>WISK (V1) | ACC / AGRI (P1)<br>REK / LAND (V1) |
| Mon, 05 June | MATH | LO | BS / PS (P2) | MATH (P2) | CAT (P1) |

## Snoepie

Leerders moet kaartjies by die snoepie koop.

**Maandag:**
**Gekrummelde Hoenderburger @ R25**

**Dinsdag:**
**Verskeie Toasties @ R15-20**

**Woensdag:**
**Hot Dogs @ R10**

**Bacon & Mushroom Mac & Kaas @ R20**

**Donderdag:**
**Pizza Snye @ R10**

**Vrydag:**
**Hoender "Nuggets" & Chips @ R15**

## SEESKULPIE




## SKOOLKWARTALE 2023

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke | Aantal publieke vakansiedae |
|---|---|---|---|
| 1 | (09) 11 Jan - 24 Mrt | 11 | 1+1 |
| 2 | (12)13 Apr – 23 Jun | 11 | 3+1 |
| 3 | (17)18 Jul – 29 Sept | 11 | 2 |
| 4 | 10 Okt – 13 (15) Des | 10 | 0 |

## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het ‘n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my ‘n vergadering reël, voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

## CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te verseker.



# HUISWERKSENTRUM

## 2023 LONGACRES NASORG

| | | |
|---|---|---|
| Graad 1 | Ellisia Steyn<br>Marizka Liebenberg | 076 170 9705<br>074 072 2231 |
| Graad 2 | Sarita Rossler | 082 923 7188 |
| Graad 3 | Erika Theunissen | 072 010 2655 |
| Graad 4 | Erika Theunissen | 072 010 2655 |
| Graad 5 – 7 | Sorika Loubser | 082 312 7005 |
| Graad 8 - 12 | Ellisia Steyn | 076 170 9705 |

Ouers moet kinders by die huiswerksentrumklas kom haal. Geen kind word vorentoe gestuur nie. Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel.

Alle leerders moet asseblief 'n potlood, liniaal en uitveër saambring.

Stuur asseblief ook enige ekstra-kurrukulêre aktiwiteite na die huiswerksentrum.